

# Waarheid & dwaling

VERENIGING VIR GEREFORMEERDE LEWENSWANDEL JAARGANG 9, NO 4, Augustus 2003

REDAKSIONEEL

## EEN KNIEVAL TE VEEL

Die baie subtiële en baie gevaarlike versoeking van die duiwel het nie alleen tot die Here Jesus gekom nie, maar alreeds tot die heel eerste mensepaar in die paradys en daarna ook tot die kerkvolk van alle eeue. Daniël en sy drie vriende moes die druk van 'n politieke despoot trotseer. 'n Despoot wat alle mense onder sy heerskappy wou dwing om voor die goue beeld wat hy van homself gemaak het neer te val en te aanbid. Andersins sou hulle gevaar loop om in die brandende oond gegooi te word. Adrenaliënpompemde tye! Hoe vars klink nog die stemme wat ons in die onlangse verlede van baie kansels gehoor het, dat ons hier in Suid-Afrika so bevoorreg is om as christene nie enige vervolging of druk te ervaar nie; dat dit op die gebied van die geloof met die christendom in Suid-Afrika waarlik rustig en stil gaan.

Ook dit het helaas vinnig verander. Christene word in die hele sosio-politiese struktuur telkens voor nuwe aanslae gestel. Staatsbeheer op godsdienste. Staatsbeheer oor onderwys en opleiding. Skokgolf na skokgolf tref die onderwys op alle vlakke: primêr, sekondêr en tersiêr. Wat 'n aaklige nagmerrie het dit nie geword nie! Alle aanduidings is daar dat die eintlike aanhef nog voorlê. Dieselfde droom waarin Nebukadnesar 'n beeld van begeerlike goud en silwer en koper en yster aanskou, daardie selfde blik verkry Daniël in die gedaantes van veelkoppige diere en multihoring-gedrogte wat hom verskrik. Die stryd tussen die koninkryk van die lig en die koninkryk van die duisternis loop helaas dwarsdeur alle kringe van die samelewing: die huis, die maatskappy, die politiek, die ekonomie en die tegnologie. Uit al hierdie kringe van die samelewing is daar verteenwoordiging in die kerk. As die druk op gelowiges in die samelewing so erg is, sal dit ook 'n radikale uitwerking op geloofsgemeenskappe en die godsdienstelewe van die kerk hê.

In hoe 'n mate is al hierdie dinge die onbetaalde rekening van ons eie strewes en praktyke? Die geskiedenis wys telkens uit wat met die kerk gebeur sodra sy graag staatskerk wil wees. Uit die geskiedenis sien ons ook wat met die verbondopvoeding van kinders gebeur sodra ons streef na goedkoop onderwys van die staat. Ja, die geskiedenis wys wat gebeur wanneer die

individu sy verantwoordelikheid uit enige lewenskring (gesondheid, veiligheid, handel en nywerheid, opleiding, ens.) gemaklikheidshalwe oorlaat of oordra aan die staat en magsinstellings. Die uiteinde is telkens dat hierdie beheerliggame die kerk en die hele burgerlike samelewing vir hulle eie oogmerke kaap. Hulle wat nie die politieke korrekte besluite en praktyke handhaaf nie, staan dan verskillende vorme van vervolging in die gesig.

Vanuit so 'n verskeidenheid van lewensomgewings word die christelike roeping in hierdie uitgawe beskrywe. In die Gereformeerde kerke moet daar versigtig koers aangewys en ingeslaan word, omdat die aanslag van verskillende kante kom. Sommige wil die reëls van die kerklike lewe outomaties tot beginsels verhef en verval daarmee in 'n jammerlike fundamentalisme. Ander weer gooi die gesagvolle geldigheid van die Skrif met subtiële wetenskaplike argumente oorboord en beland in die stormwaters van vrysinnigheid. Die groot vraag wat beantwoord moet word is, soos in die eerste eeue van die christelike kerk, weer brandend aktueel. Wie se woorde lees ons in die Bybel, hoe lees ons dit en watter seggenskap het dit vir ons, vir die kerk van alle eeue? Hoe funksioneer die Skrif in die prediking, in ons volle deelname in die erediens, in ons sang en lied? Hoe funksioneer die Skrif by ons meerdere vergaderings? As daar 'n duidelike koersverandering te bespeur is, wat het hierdie koersverandering veroorsaak? Ons staan as Gereformeerdes telkens weer by die groot taak om te onderskei waar die dinge regtig op aankom. Waar trek ons die belangrike grenslyne tussen roepingsbewuste deelname aan bedrywigheide in hierdie wêreld en die gevaar van afgodery en beelddiens waarvoor ons moet wegvlug? Daar word geloofsdapperheid van ons gevra om soos die apostels te kan getuig: Of dit reg is voor God om julle meer gehoorsaam te wees as God, moet julle self beslis; want vir ons is dit onmoontlik om nie te spreek oor wat ons gesien en gehoor het nie.

1 Joh 4:6

"Hieruit ken ons die Gees van die waarheid en die gees van die dwaling"

### INHOUD

- 1 Redaksioneel  
Een knieval te veel
- 2 Skrifoordenking  
Kerkverband  
Ds GJ Meijer
- 4 Aktueel  
Nie die wat nie maar die hoe - besinning oor sinode 2003  
Prof GJC Jordaan
- 5 Op die kerkerf  
Reformasie in die prediking (2)  
Prof VE d'Assonville
- 7 Skeurmakery!  
Ds HLJ Momberg
- 9 Regte  
Ingeligte toestemming:  
'n christelike plig  
Dr AH van den Bout
- 10 GISP  
Gereformeerde Inligting en Studiesentrum Pretoria
- 11 Lesersreaksie  
Onderwys in die brandpunt  
Dawid Breed
- 12 Persskou  
'n Hond blaf

# Kerkverband

Ds GJ Meijer, Wonderboompoort

Lees: Handeling 15:1-4

'n Sinode is 'n belangrike byeenkoms. Nie omdat 'n sinode as sodanig meer belangrik is as enige ander kerklike vergadering nie. In die Gereformeerde kerkregering is daar nie so iets soos 'n sinode wat die hoogste gesag en die finale sê het nie. Die Here het al die gesag en al die sê in Sy kerk. Daar is 'n ander rede waarom 'n sinode 'n belangrike byeenkoms is. Daar word gepraat en besluit oor sake wat vir elke lidmaat en elke plaaslike kerk van groot belang is.

Al hierdie sake moet in die lig van Gods Woord beoordeel word. Alles wat die sinode doen en hoe hulle dit doen, moet op die skaal van die Skrif geweeg word. In Handeling 15 vind ons enkele direkte aanwysings en beginsels van hoe die Here wil hê dat sy kerke in sy Naam sal vergader.

## Die wonder van kerkverband

In die hoofstukke wat aan Handeling 15 voorafgaan, word vertel hoe Paulus se eerste sendingreis verloop het. Die Heilige Gees het Paulus en Barnabas afgesonder om oral in Klein-Asië die evangelie van Jesus Christus te gaan verkondig. Daar waar hulle die evangelie van verlossing gepreek het, het God gesorg dat mense tot geloof kom. Op elke plek word daar gemeentes gestig en ouderlinge gekies wat in die gemeentes kon dien. So sorg die Here dat sy kerk op aarde toeneem en vermeerder.

Die toename in die getal kerke is egter nie die enigste wonder nie. In die loop van die boek Handeling wys die Here op 'n ander wonder wat hiermee saamgaan. Die kerke wat op verskillende plekke gestig word, word in eenheid saamgesnoer. Antiochië in Sirië is een met Jerusalem in Judea. Net so is die kerke op die eiland Ciprus in eenheid verbind met die kerke op die vasteland van Klein-Asië. Oor die grense van provinsies en landstreke heen strek die een kerk van Jesus Christus wat gevestig is op talle klein dorpies en in groot wêreldstede.

Dié eenheid bestaan op grond van geloof. Die gelowiges in Jerusalem en Antiochië en Ikonium en Salamis het almal een God en Vader: die Vader in Jesus Christus, ons Here. Hulle is almal gedoop met een en dieselfde doop: die doop tot vergifnis van sondes om Christus wil. In hulle almal leef en werk een Gees: die Gees wat die wedergeboorte skenk, wat die geloof werk, wat tot daaglikse bekering vernuwe.

Dit is inderdaad 'n wonder. Mense wat mekaar

nie ken nie, is tog bekend vir mekaar - in die Here. Mense wat in verskillende lande woon, verskillende kulture beoefen, verskillende tale praat, praat ten diepste tog een taal - in geloof. In sy alwysheid bind die Here die verskillende plaaslike kerke onskeibaar aan mekaar. Hulle vorm saam een verbond van kerke.

Vir hierdie kerkverband geld presies dieselfde as vir die huweliksverbond: wat God saamvoeg, mag geen mens skei nie. Die kerkverband is nie iets wat net op papier bestaan nie; dit is iets wat beleef moet word. Die kerke in die dae van Paulus hét dit met die daad beleef. Daarop word die aandag in die eerste vers van Handeling 15 gevestig: sommige mense wat vanaf Judea gekom het, het die broeders in die kerk van Antiochië kom onderrig. Die kansel van Antiochië is oop vir predikers van die kerk in Jerusalem. Dit is praktiese beleving van kerkverband. Gelowiges hou hulle geloofskennis nie vir hulleself nie - daar word wyd en syd gepraat. Kerke staan mekaar in alle opsigte by, ook wat praktiese sake betref. As daar in 'n gemeente om een of ander rede groot droefheid en kommer heers, word daar in die kerkverband eendragtig voorbidding gedoen. As daar finansiële nood in 'n bepaalde kerk ontstaan, spring die verband van kerke in om die nood te help verlig. Die geloofseenheid wat onderling in elke plaaslike kerk beleef word, moet ook tussen kerke onder mekaar uitgeleef word. Binne die kerkverband gee ons en ontvang ons, bou ons mekaar op in die allerkosbaarste geloof.

## Die stryd binne kerkverband

Vanweë ons gebroke bestaan is die geloofseenheid egter voortdurend in die spervuur. Uit die vervolg van Handeling 15 word dit duidelik dat daar stryd in die kerkverband ontstaan. Die feit dat daar predikers uit Jerusalem kom wat preek, is wonderlik. Maar dit wát hulle preek, is glad nie so wonderlik nie: 'As julle nie besny word volgens die gebruik van Moses nie, kan julle nie gered word nie'. 'n Tipies Fariseïstiese preek - op die kansel van die kerk van Jesus Christus in Antiochië. Die besoekende leraars uit Jerusalem verkondig 'n dwaalleer, asof Jesus se kruisdood alleen nie genoeg is om die mens se redding te bewerk nie. Hulle sny aan die hart van die evangelie.

Vir die gemeente in Antiochië was die lering van die besoekende predikers 'n ontstellende ervaring. Alles wat hulle tevore van Paulus en

VERENIGING VIR  
GEREFORMEERDE  
LEWENSWANDEL

Voorsitter:  
Dr AH van den Bout  
Tel 012 332 2988  
e-pos: vdenbout@mweb.co.za

Redaksie:  
Mev J de Wind  
Ds GJ Meijer  
Ds HLJ Momberg  
Posbus 31712  
Totiusdal  
0134  
Tel 012 546 4915  
e-pos:  
gjmeijer@absamail.absa.co.za

Medewerkers:  
Dr AH Bogaards  
Prof JM Boon  
Dr ALA Buys  
Prof GJC Jordaan  
Ds SIMS Smit  
Dr AH van den Bout

Webbladsy:  
<http://www.vgl.co.za>

Administrasie-adres:  
Waarheid en Dwaling  
Posbus 31712  
Totiusdal  
0134  
Tel 012 335 9134  
(Mev Hanneke Das)

Bankrekeningnommer:  
Spaarrekening 9054701904  
ABSA  
Pretoria Waverley

Intekengeld:  
R100 per jaar

Tegniese versorging:  
Printburo  
Posbus 25316  
Gezina  
0031  
e-pos: printbur@mweb.co.za

Barnabas oor die verlossing in Christus geleer het, word deur mekaar gekrap. Die vaste fondament waarop hulle geloof bou en vestig, word skielik bevraagteken deur broeders van dieselfde geloofs familie - broeders uit Jerusalem, waar die eerste gemeente gestig is. Satan kry dit reg om binne die kerkverband 'n reusagtige slag te slaan. Die vertroue wat daar tussen gelowiges en tussen kerke in een kerkverband moet bestaan, kan ernstig geskaad word.

Dit is nie vreemd dat daar geen klein stryd en woorde-wisseling van die kant van Paulus en Barnabas teen die besoekende predikers ontstaan het nie. Die suiwer leer wat Paulus en Barnabas onder die leiding van die Heilige Gees tydens hulle eerste sendingreis verkondig het, word aangetas. As dié dwaalleer aanvaar word, hou die kerk op om kerk te wees. As die verkondigers van dié dwaalleer nie insien en erken dat hulle dwaal nie, kan dit tot 'n breuk in die kerkverband lei. Twee kerke wat op twee verskillende fundamente staan, maak saam geen verband nie. Eenheid rus in waarheid. Buite die waarheid is daar geen eenheid nie, maar verskeurdheid.

Reeds in die eerste jaar na Christus se hemelvaart was daar stryd en onrus binne die kerkverband. Dit gaan onverpoosd voort. Ons beleef dit vandag, waar talle nuwigheide in die kerk van die Here uitgetoets word. Daardie nuwigheide val nie sommerso uit die lug nie. Daar is 'n rede waarom daar ook binne die Gereformeerde kerkverband gedurig gepraat word oor die verkiesing van die vrou tot die besondere ampte. Daar sit 'n gedagtestroom onder die strewe om die nagmaalbeker met kelkies te vervang en die nagmaaltafel uit te rangeer. Die Woord van die Here het nie verander nie - mense se beskouing van die Woord en hantering van die Woord wel. Die skerp punt waarheen die meeste geloofs- en kerklike vraagstukke in ons dae terugverwys kan word, is die eenvoudige buig voor Gods Woord. Wil ons ons omstandighede volgens die Skrif inrig, of wil ons die Skrif by ons omstandighede inpas? Dié dinge skep spanning en veroorsaak stryd.

Die vraag is: wat maak ons met hierdie stryd? Party sê: kom ons los al hierdie dinge, kom ons bewaar vrede deur mekaar in liefde te verdra. Wees buigzaam, laat elke kerk vir homself uitmaak wat goed en reg is. So kon Paulus en Barnabas ook 'n konfrontasie in Antiochië voorkom het - deur maar net stil te bly oor die besnydenis-preek. Maar dit getuig nie van gehoorsaamheid aan God nie. Stilbly terwyl die kanker vreet is sonde.

Nou kan daar ook presies teenoorgesteld gereageer word. Die lidmate van Antiochië kon die predikers van Jerusalem summier in hulle harte en gedagtes afgeskryf het. Die gevaar het bestaan dat hulle die kerkverband onmiddellik sou breek deur die predikers van Jerusalem sonder enige verdere gesprekvoering huis toe te stuur en nooit weer in hulle midde te ontvang nie. Tot sulke optrede hits die duiwel 'n gelowige graag aan. Daardie dominee wil ek nooit weer sien of hoor nie, van daardie ouderling wil ek niks weet nie, in daardie gemeente sal ek my voete nie weer sit nie. Van 'n verskilpunt wil Satan so gou as moontlik 'n breekpunt maak.

Let op hoe die gemeente in Antiochië, gelei deur die Heilige Gees, die stryd aangesê en uitgesorteer het. Hulle het nie geswyg oor die probleme in die kerklike lewe nie. Hulle het ook nie summier die bande gebreek nie. Hulle volg die pad wat die Here van ons almal verwag om te loop: die pad van opregte en reguit gesprekvoering.

## Die krag van die kerkverband

In Antiochië het die heftige woordewisseling oor die besnydenis-preek klaarblyklik nie tot 'n punt gekom nie. Die gemeente besluit toe om Paulus en Barnabas saam met nog 'n paar ander na die apostels en ouderlinge in Jerusalem af te vaardig. Die bedoeling is duidelik. Die ampsdraers van Antiochië moet saam met die ampsdraers van Jerusalem oor die vraagstuk besin. Hulle moet in die lig van God se Woord saam tot 'n antwoord op die vraagstuk kom. Per slot van sake is dit nie net die kerk van Antiochië wat deur hierdie saak geraak word nie. Dit is van wesenlike belang dat al die kerke in die destydse kerkverband eenstemmigheid oor die besnydenis sal hê. Daar mag in die kerkverband geen verskil van mening of verskil in praktyk oor die toepassing van die wet van Moses bestaan nie.

Terwyl die afvaardiging van Antiochië na Jerusalem op pad is, het hulle deur Fenisië en Samaria gereis. Oral waar hulle christen-gelowiges raakloop, vertel hulle van die groot dinge wat die Here onder die heidene doen. Opvallend: hulle gesprekke word nie deur die strydpunt rondom die besnydenis oorheers nie - wel oor die Here wat heidene tot bekering bring. Dit is 'n saak wat aan al die broeders groot blydschap verskaf. So word die gemeenskap van heiliges tussen kerke gebou: as daar met mekaar gepraat word oor die groot dade van die Here. Dit is nie goed as daar altyd net oor die probleme gepraat word nie - selfs nie in 'n kerkraad nie. Tydens meerdere vergaderinge moet oor méér gepraat word as net dalende lidmate-talle en stygende ramings. Natuurlik moet die probleme in die oë gekyk en aangespreek word. Maar daar mag dit nie stop nie. Die geloof word gestig en gebou as ons vir mekaar kan vertel wat God in sy almag doen; as gelowiges mekaar se aandag kan vestig op die Here wat die werk van sy hande nie laat vaar nie.

So kom die ampsdraers van Antiochië in Jerusalem: die harte vol van God se werke.

In dié gees word hulle daar ontvang. Die hele gemeente wag hulle in. Die ampsdraers van Jerusalem staan gereed om die ampsdraers van Antiochië amptelik te ontmoet. Die twee susterskerke van die een kerkverband erken mekaar se ampsdraers en ag mekaar hoog in die Here.

En dan? As die ampsdraers van die twee kerke mekaar ontmoet - val Paulus en Barnabas onmiddellik weg deur hulle brandende geskilpunt voor te lê? Nee! Soos wat hulle al die tyd gedoen het terwyl hulle op reis was, so doen hulle ook nou. Voordat daar 'n woord oor verskille gerep word, word daar verslag gelewer van al die dinge wat God met hulle gedoen het. Daar word 'n gesamentlike mosie van vertroue in God uitgespreek. Dan word die vraagstuk op die tafel geplaas.

Dit is die krag van die verband waarmee die Here sy kerke op aarde aan mekaar verbind. Satan wil met mag en mening strydpunte tot verdelingspunte verhef. Hy jaag gemoedere op sodat gelowiges van een kerk en een kerkverband mekaar langs die pad verloor. Hy doen dit deur die swartekrag op die verskilpunt te plaas. Maar die Here draai sake om. In sy kerk bind ons mekaar allereers aan Hom. Ons verklaar openlik dat ons Hom liefhet en wil dien soos Hy in sy Woord van ons vra. Ons bind mekaar aan ons gesamentlike belydenis en kerkorde - aan ons vaste afspraak. Op daardie basis kan ons met mekaar verder praat, selfs oor die sensitiefste sake. Op daardie basis behoort ons mekaar altyd te vind.

# Nie die WAT nie maar die HOE

## BESINNING OOR SINODE 2003

Prof GJC Jordaan, Potchefstroom

In Suid-Afrika steier Christelike kerke nou reeds geruime tyd onder die een aanslag na die ander. Dit geld veral vir kerke van gereformeerde inslag. Benewens 'n algemene vyandigheid jeens die Calvinisme - sowel van owerheidsweë as van die populêre opinie - moet die kerk ook die tydsgees van die postmodernisme, die ideologie van die humanisme en die interne aanslag van die "Nuwe Hervorming" die hoof bied. Die kwelvraag by baie mense is of die kerk deur hierdie stormwinde meegesleur gaan word. Sal die kerk kan bly staan by dit wat hy nog altyd glo en bely of sal hy maar die weg van die minste weerstand volg en gaan lê?

Teen hierdie agtergrond is Sinode 2003 van die GKSA waarskynlik met valkoë dopgehou - nog meer as vorige sinodes. Die vraag in baie mense se gemoed was: Sal die GKSA sy reputasie gestand kan doen deur in sy besluitneming onwrikbaar en ondubbelsinnig aan die Skrif en belydenis vas te hou? Of sal die sinode ook maar aan die druk van die tydsgees toegee? Dit was die groot toets waarvoor Sinode 2003 te staan gekom het. Daarom is die belangrike vraag nie soseer wat by die sinode besluit is nie maar hoe daardie besluite geneem is.

Hieraan gemeet, was daar enkele mooi ligpunte by Sinode 2003, soos die besluite oor die onderwys, waarin sterk standpunt ingeneem is ten gunste van die Bybelse skeppingsleer op skole teenoor die onbybelse leer van die evolusionisme. By hierdie besluite het die sinode die toets van Skrifgebondenheid geslaag. Toe dit egter by besluitneming oor kerklik omstrede sake kom, het sake ongelukkig anders begin verloop. In die branding was die kwessie van die kerklied (aanvaarding van die nuwe omdigtings al dan nie) en die kerklike amp (vroue as diakens al dan nie).

Dat die sinode uiteindelik besluit het om die Cloete-omdigtings in geheel sonder voorbehoud te aanvaar en dat vroue sonder enige onderskeid tot die diakenamp toegelaat moet word, was 'n baie groot teleurstelling. Nie soseer oor die feit dat die besluite geneem is nie, maar oor hoe tot daardie besluite gekom is.

Hoe het die besluitneming verloop? Die notule van die sinode is tydens die vergadering goedgekeur. Daaruit blyk die volgende:

### Die Psalmomdigtings

Die deputate wat deur Sinode 2000 insake die Psalmomdigtings aangewys is, het verskeie besware ontvang teen die prinsipiële uitgangspunte waarop die omdigtings berus het. Die belangrikste kritiekpunt was dat die omdigtings nie genoeg erns gemaak het met die feit dat sekere Psalms, volgens die getuienis van die Nuwe Testament, beslis na Christus verwys nie. Hoewel die deputate hierdie kritiek in geheel afgewys het, het die sinode tog bevind dat sekere van die kritiekpunte wel gegrond is. Daarmee is inderwaarheid erken dat daar op plekke in die nuwe Psalmomdigtings wel 'n miskennis of onderspeling van Christus is; dit is nie in ooreenstemming met wat die Skrif leer nie.

Met so 'n bevinding verwag 'n mens dat die sinode die nuwe omdigtings sou terugverwys; ten minste dié waarmee daar op hierdie punt probleme bestaan. Hoe kan die

kerke omdigtings in gebruik neem wat nie die toets van die Skrif behoorlik deurstaan nie? Die teendeel het egter gebeur. Die sinode het besluit om die bundel omdigtings wel in sy geheel te aanvaar.

Wat was die gronde vir die besluit? Baie beslis - volgens die sinode se eie erkenning - was die besluit nie geneem op grond van die lig wat die Skrif gee nie! Kan dit wees dat die sinode nie die moed van die oortuiging gehad het om in te gaan téén die besluite wat die Nederduits-Gereformeerde Kerk en die Hervormde Kerk reeds geneem het nie? Was die hele opset van ons verhouding met die ander Afrikaanse kerke dalk intimiderend? Of was daar dalk finansiële druk wat dit verpligtend gemaak het dat die nuwe omdigtings eenvoudig net aanvaar móés word? Oor die moontlike beweegredes kan 'n mens maar net bespiegel. Die hartseer feit is dat die besluit uiteindelik nie op Skrifgronde geneem is nie. Inteendeel, die besluit is geneem in weerwil van die sinode se eie bevindings oor wat die Skrif in hierdie verband leer!

### Vroue in die diakenamp

Nog 'n hartseer verhaal is die wyse waarop besluit is dat vroue tot die diakenamp toegelaat mag word. Die manier waarop hierdie saak op die sinode se tafel gekom het, laat die wenkbroue alreeds lig. Die sinode van 1988 het reeds op grond van diepgaande Skrifstudie besluit dat vroue nie tot die besondere ampte toegelaat behoort te word nie, insluitend die diakenamp. In die lig van 1 Timoteus 5 is egter by daardie sinode aanbeveel om verder te besin oor hoe die dienswerk van vroue in die amp van die gelowige meer gestruktureerd ingerig kan word. Hierdie aanbeveling is toe deur Sinode 2000 opgeneem en na studiedeputate verwys om by Sinode 2003 terug te rapporteer. Die deputerapport by Sinode 2003 was egter nie 'n uitvoering van hierdie opdrag nie. In plaas daarvan het die deputate gekom met nuwe voorstelle oor vroue in die besondere ampte. Hierdie optrede was in stryd met artikel 46 van die Kerkorde, wat bepaal dat sake wat eenmaal afgehandel is, nie weer voorgestel word nie tensy dit noodsaaklik geag word om dit te verander. Tog het Sinode 2003 die nuwe voorstelle ter tafel geneem.

Was daar nuwe lig uit die Skrif wat nuwe voorstelle oor vroue in die kerklike ampte noodsaaklik gemaak het? Nee. Inteendeel, beswaarskrifte wat (onsuksesvol) probeer het om die saak vir vroue in kerklike ampte op Skrifgronde uit te maak, is deur Sinode 2003 afgewys. 'n Mens sou verwag dat die sinode daarmee ook die saak, as gevolg van 'n gebrek aan Skrifgronde, nie in behandeling sou neem nie.

Tog, toe die voorstelle oor vroue in die diakenamp op tafel kom, het die sinode dit goedgekeur - en dit sonder enige Skrifgronde! Ter elfder ure het die sinode blykbaar besef dat dit darem nie 'n gereformeerde manier van doen is nie. 'n Kommissie is benoem om tydens die sinode na Skrifgronde te gaan soek. Wat 'n agterstevoor manier van werk! Neem eers die besluit en soek dan na Skrifgronde! Hierdie kommissie kon egter nie die nodige Skrifbewyse vind nie. Was die saak nou van die tafel af? Steeds nie. Die sinode het met die besluit volhard!

Waar sou die vreemde manier van doen vandaan kom? Was die sinodegangers in hierdie laaste ure van die sinode moeg en lus om klaar te maak? Was dit dalk die gevolg van ideologiese druk? Het die vergadering nie kans gesien om standpunt in te neem teen die feminisme en die humanisme nie? Of was daar vrees vir hofsake indien iemand dalk klagtes van vroue-diskriminasie sou lê? Weer eens kan 'n mens net bespiegel oor die moontlike beweegredes. Die droewige feit is dat die besluit nie op grond van die Skrif, belydenis en kerkorde geneem is nie.

### Demokratisering van die waarheid?

Die hoop dat Sinode 2003 in hierdie onstuimige tye tog op kerklike gebied die gereformeerde weg sou aandui deur in sy besluitneming Skrif, belydenis en kerkorde na te volg, het met hierdie besluite tragies gesneuwel. Twee gewigtige en ingrypende besluite is geneem - een sonder enige Skrifgronde, die ander een in weerwil van die lig wat die Skrif gee. Die enigste voete waarop hierdie besluite staan, is dat dit met meerderheid van stemme geneem is. Sou dit 'n aanduiding wees dat die waarheid nou ook die weg van demokratisering opgaan? So asof ons by wyse van handopsteek kan beslis wat die waarheid is of nie!

Natuurlik sou iemand daarop kon wys dat artikel 31 van die Kerkorde bepaal dat "wat op 'n kerklike vergadering met meerderheid van stemme besluit is, as vas en bindend beskou (moet) word". Heeltemal korrek. Dit moet egter in gedagte gehou word dat artikel 31 self sulke "meerderheids-besluite" ondergeskik stel aan wat God in sy Woord leer. Bowendien het artikel 31 oorspronklik eintlik te doen gehad met appèlle waarin kerklike "regspraak" ter sprake was - nie met enige saak waaroor die kerke saam besluite moet neem nie. Trouens, die gereformeerde beginsel was nog altyd dat besluite nie op grond van menslike oorwegings nie, maar alleen op grond van die Skrif geneem moet word.

As die GKSA werklik sou kies om die pad van demokratisering van die waarheid op te gaan, dan het ons ook ons voet op die pad van die kollegialisme geplaas.

### Hoe nou gemaak?

Met hierdie besluite van Sinode 2003 is die kerke in 'n baie moeilike posisie geplaas. Moet ons die sinodebesluite navolg? Of moet ons dit navolg wat die Skrif ons leer en waarvan ons in ons hart en gewete oortuig is? By sommige gemeentes het 'n praktyk oor die afgelope paar jaar posgevat om die GKSA se besluite by meerdere vergaderings eenvoudig te ignoreer; elkeen maak maar soos hyself goed dink, byvoorbeeld die gebruik van kelkies by die nagmaal, vrye liedere en kanselruil wat in sommige gemeentes in weerwil van sinodebesluite ingevoer is. Dit is egter nie die uitweg nie; dit is 'n onordelike pad waarop Gereformeerdes hulle nie behoort te begeef nie.

Gelukkig het Sinode 2003 nie hierdie twee besluite "afdwingbaar" gemaak nie. Hoewel toelaatbaar, is dit nie 'n móét vir alle gemeentes om vroue in die diakenamp te stel nie. Ook die invoer van die Cloete-omdigtings is aan die besluit van die plaaslike kerke oorgelaat. Daarom tree 'n gemeente wat hierdie sake nie invoer nie, steeds heeltemal binne orde op. Ons weet egter almal watter dwingelandy die praktyk kan skep. Net een of twee moedswilliges wat op hierdie sake aandring kan die vrede binne 'n gemeente versteur.

Nog belangriker as die handhawing van vrede is die handhawing van Skrifwaarhede. Daarom kan 'n gemeente, selfs al voer hy nie hierdie twee sake in nie, dit nie maar daar laat nie. Hierdie besluite kan nie so op die boeke van die GKSA geskryf bly staan nie. Nie vanweë die besluite self nie, maar vanweë die manier waarop dit geneem is, en vanweë die lig wat die Bybel vir ons gee. Die aangewese weg is dus om beswaarskrifte by die volgende sinode in te dien sodat hierdie sake eens en vir altyd deeglik in die lig van die Skrif gestel kan word. Onlangs is die idee uitgespreek om vroeg volgende jaar 'n buitengewone sinode byeen te roep waarby slegs hierdie twee sake deurtastend bespreek sal word. Ten spyte van die verwagte besware van hoë koste is dit 'n skitterende idee. By so 'n buitengewone sinode moet die manier van besluitneming egter reg verloop.

Die hoop bly staan dat die GKSA in sy hantering van hierdie saak vorentoe duidelik die gereformeerde koers sal inslaan. Die belangrikste van alles is dat ons in kerklike vergaderings ons nie deur menslike goeddunke nie, maar deur die Woord van God sal laat lei. In artikel 7 van die NGB bely ons uitdruklik: "Ons mag nie die gewoonte of die groot getalle ... van persone of kerkvergaderings, verordeninge of besluite met dié waarheid van God gelykstel nie." Sola Scriptura. Deur die Skrif alleen.

## OP DIE KERKERF

# Reformasie in die prediking [2]

Prof VE d'Assonville, Pretoria

"want ek het my voorgeneem om niks anders onder julle te weet nie as Jesus Christus, en Hom as gekruisigde." (1 Korintiërs 2:2)

In hierdie enkele Bybelvers word die inhoud van 'n preek in 'n Gereformeerde kerk beskryf: Jesus Christus die gekruisigde. Laat teologiese studente aanhoudend geleer word dat elke preek sy eie tema moet hê (soms vergesogte

temas); laat die vak homiletiek (preekkunde) tot die uiterste gaan om die regte "tegniek" vir die vorm van die preek te leer; laat die manne van die oratoriese kuns (welsprekendheid en voordrag) hulle inspan om na die "volmaakte"

preek te streef - die belangrikste saak van die preek bly sy inhoud. Die lidmate van die kerk van Korinte in die jaar 54 van ons jaartelling het te kere gegaan dat hulle predikant Paulus tog asseblief net só welsprekend, net so pakkend en net so teatraal soos die Griekse wysgeer op die markplein moet preek. Dit het hierdie apostel baie verleë gemaak: volgens die uiterlike geoordeel, was hy 'n swak prediker.

## Paulus sê hy het soos 'n "idioot" gepreek

Die Korintiërs was hartstogtelik begerig na "mooi preke". Hierdie gemeentelede was behep met die idee dat hulle predikant met 'n pakkende, uiterlike optrede die hoorders moes boei - net soos die Griekse redenaars wat met hulle manier van "preek" die volk meegesleep het. Die verfynde metode van die oratoriese kuns was destyds, en vandag nog, die "in ding".

Wat het toe met die prediking in die kerk van Korinte gebeur? As Paulus, die predikant, uit die konsistorie die erediens binnestap, dan bewee hy van bangheid. "Ek was ook by julle in swakheid en in vrees en in veel bewing", skryf hy in I Korintiërs 2:3. Op die kansel slaan hy voor die gemeente 'n onbeholpe figuur. Die "veel bewing" beskryf hierdie predikant se toestand. Hy het angs. Nog erger, hy soek na sy woorde. Self erken Paulus in sy tweede brief aan die gemeente dat hy "onbedrewe in woord" in sy preke was (2 Korintiërs 11:6). "Ek was nie 'n gladde spreker nie", sê die 1983-Afrikaanse vertaling.

Letterlik staan daar in die Griekse taal: "Ek was ongeleerd in woorde". Nog erger, byna skokkend: "Ek was 'n idiotés". Die Griekse woord idiotés, is die oorsprong van ons woord "idioot". Paulus sê dus in soveel woorde: In die manier, die metode van my preke, was ek soos 'n idioot. Volgens die Grieke van destyds (± 60 n.C.) was 'n idioot 'n ongeleerde, onopgevoede, onhandige en lomp persoon. Dit is erg. Paulus het so min aandag aan sy metode van die preek gegee, dat hy, so sê hy, soos 'n idioot opgetree het. In ons Afrikaanse taal het die woord 'n meer negatiewe betekenis as in die Grieks. 'n Goeie Engelse vertaling (NIV) sê dit so mooi: "I am not a trained speaker". Hy het nie opleiding in "Homiletiek" gehad nie.

Vir die teologiese student van vandag sê dit: "Jy maak so baie van die vak homiletiek waar julle leer hoe om te preek. Jou professor hamer voortdurend op die regte metode. Jy breek jouself om met die eksamen hoë punte in die metode van preek te kry. Maar weet jy wat? Paulus het hom nie aan die homiletiek (oratoriese kuns) van sy tyd gesteur nie!" As hy wel die oratoriese kuns wou probeer aanleer, het hy nie daarin geslaag om dit te bemeester nie.

Maar, só sê die prediker Paulus, die kennis van die Woord is in die prediking baie belangriker as my voordrag. "En al is ek ook onbedrewe in woord, dan tog nie in kennis nie" (2 Korintiërs 11:6). Hy sê hier in soveel woorde: Al het ek nie opleiding in homiletiek gehad nie, dan is ek tog met die inhoud van my prediking bekwaam. Hierdie inhoud is by verre die belangrikste!

Die broeders en susters en sekerlik ook die kerkraad van Korinte het na iets anders gesoek as wat hulle by hulle predikant gekry het; daardie verrassende "sêgoed", uitmuntenende kwinkslae en sappige uitdrukkings; daardie dramatiese hoogtepunte en gevoelvolle stiltes met 'n hoorbare asemteug om 'n bepaalde stemming te bewerk; ook

daardie regte gestikulasie met die gepaste lyftaal en handgebare. Ons boere noem dit somer gewoonweg: die dominee wat met sy hande beduie.

Moet ons Paulus, die predikant van die gemeente Korinte, jammer kry? Moet ons simpatie met hom hê omdat hy nie die "gladde spreker" (1983-vertaling) was nie? Moet ons hom verwyt dat hy nie 'n ekspert kanselredenaar, die man van die "mooi preke", was nie? Hy was beslis nie die dominee wat oral groot indruk gemaak het nie.

Paulus het self baie goed geweet dat Moses, wat deur die HERE uitgekies was om sy volk uit Egipte en deur die woestyn te lei, ook glad nie 'n indrukwekkende prediker was nie. Intendeel, hy was "nie 'n man van woorde nie". Hy was "swaar van mond en swaar van tong", sê die Skrif (Eksodus 4:10). Iemand moes dit vir die Korintiërs uit die boekrol van Eksodus voorgelees het.

As die voordrag van die predikant minder belangrik is as die kennis van die preek, moet die volgende vraag baie duidelik beantwoord word.

## Wat is die kennis waarvan Paulus in 2 Korintiërs 11:6 praat?

Paulus het dit reeds in die begin van sy eerste brief aan die kerk van Korinte uitgelê. Dit is niks anders as Jesus Christus nie en Hom as gekruisigde (1 Korintiërs 2:2). Hierdie feit dat Jesus Christus die kennis - die ware inhoud - van die preek is, het Paulus nie uit sy duim gesuig nie. Hy ken dit uit Jesus Christus se eie prediking toe Hy op aarde was, sowel as uit die Skrifte, dit wil sê die Ou Testament en Jesus se vertolking daarvan. Die apostel het nie met die geskifte van Sokrates, Aristoteles of Plato op die kansel gekom nie, maar met die boekrolle - soos wat hy dit nodig gehad het - van Genesis tot Maleagi.

Hierdie saak, naamlik dat Jesus Christus deur die Ou Testament verkondig word, is tans in die Gereformeerde kerke, wat tekens van deformatsie toon, van die uiterste belang. Juis nou as die sinode van die GKSA 'n psalmbundel goedgekeur het waarin Christus verwerp word, is die suiwer prediking van die Ou Testament, waaronder die Psalms, buitengewoon noodsaaklik.

## Wat Jesus Christus oor Homself gepreek het

Ja, Hy het self vir ons die pad aangedui. Al prekende het ons Verlosser vir drie jaar lank die land Palestina deurkruis; dit was volmaakte preke. Toe het Hy vir die dissipels en die volk Israel gepreek. Vandag doen Hy dit nog met ons, die kerk van die Nuwe Testament. Dit leer ons uit die eerste vers van die eerste hoofstuk van die brief aan die Hebreërs:

"Nadat God baie keer en op baie maniere in die ou tyd gespreek het tot die vaders deur die profete, het Hy in hierdie laaste dae tot ons gespreek deur die Seun" (Hebreërs 1:1).

Tot ons gespreek deur die Seun! Hierdie saak is so geweldig belangrik vir die prediking in ons kerke dat ons 'n volgende keer verder daarop moet ingaan. Die Seun spreek tot ons. Wat sê Hy vandag?

# SKEURMAKERY!

Ds HLJ Momberg, Pretoria, Die Kandelaar

Sekere kerkrade en individue het hulle misnoeë met, en verwerping van bepaalde sinodebesluite uitgespreek omdat dit in stryd met die Woord van God is. Sekere roomsgesindes het egter strydkrete en beskuldigings van skeurmakery die wêreld ingestuur. In die harte van baie Gereformeerdes leef 'n denkskema wat van die kerkegemeenskap 'n skeurbare struktuur probeer maak. Hulle is oortuig van die sinodale kerkbegrip - 'n konsep wat destyds met sy dwinglandy juis aanleiding gegee het tot die herinstituering van vrye Gereformeerde kerke onder die seringboom te Rustenburg.

Na etlike eeue se geseënde kerkverbreiding in Suid-Afrika, blyk dit weer waar te wees - soos met die bevryding van Israel uit Egipte. Baie eeue na die uittog uit Egipte het Egipte self nog nie sy uittog uit die Israeliete gekry nie. Dit blyk weereens dat die bekende gedagte van Luther waar is: in elke gereformeerde se hart leef daar 'n pous. Die GKSA het nog nooit die sinodale kerkbegrip ontgroei waaruit die verlossing in 1859 te Rustenburg plaasgevind het nie. Met die jongste kerkstryd glo raadgewers van die kerkreg steeds dat ons die kerksaak net soos die volksaak moet probeer hanteer, soos die broederbondszaak, soos die Afrikanersaak: moenie skeuring veroorsaak nie, pleit hulle; ons is dan nou al juis so verdeeld. Immers: eendracht maakt macht! Die ou probleem dat die Afrikanervolk bo alles liefgehe moet word omdat dit mos Godsvolk is. 'n Groot leuen!

Intussen is dit ons roeping om in die gees van egte geestelike broederskap te handel met die kerkegemeenskap waarvan almal nog hoop om te bely dat ons in dieselfde kosbare geloof staan. Dit sou waarlik 'n kwade dag wees as daar onder ons broederskap 'n skeuring plaasvind wat veroorsaak dat elkeen sy eie koers gaan. Ons weet uit die verbondsgeskiedenis - toe die tien stamme weggeskeur het van Juda en Benjamin - hoe destruktief dit gewerk het. Ons weet ook hoe destruktief die breuk tussen Paulus en Barnabas op hulle broederskap ingewerk het. Ons moet alles in werking stel om, na die voorskrif in Efesiërs 4, die eenheid van die Gees onder mekaar ywerig te bewaar.

Wat van die moontlikheid om opnuut met beswaarskrifte oor die saak na die volgende sinode/s te gaan?

Die kerkregkundiges van die GKSA dring in die kerklike pers hierop aan. "Kom oortuig ons," pleit hulle. Die saak is egter nie so eenvoudig nie. Ons verwag van geleerde vriende groter wetenskaplike ewewigtigheid. Daar is 'n ordereël in artikel 46 KO wat lui:

"Sake vir behandeling op meerdere vergaderings moet nie opgestel word voordat die besluite van die voorgaande sinodes oor die voorgestelde punte nagegaan is nie, sodat wat eenmaal afgehandel is, nie weer voorgestel word nie tensy dit noodsaaklik geag word om iets te verander."

Al die argumente betreffende die betrokke besluite is vir etlike dekades reeds by die sinodes behandel en daaroor is gehandel. Daar is geen nuwe materiaal nie. Daar is ook geen nuwe argumente nie. Daar is selfs geen meerdere vergadering waar die kerke hulle op kan beroep (appèl) nie. Wesentlik bly daar net een uitweg oor: om die gewraakte besluite volgens die woordgebruik van NGB artikels 7 en 32 te verwerp, en ons verantwoording daarvan aan die kerkegemeenskap deur te gee.

## Independentisme en skeurmakery

"Oorweeg of jy jou nie hiermee skuldig maak aan kerk-skeuring nie!" - 'n aanhaling uit 'n e-posboodskap aan een van ons broeders. Ook dié strydkreet word reeds aangehoor by geleerdes wat die gewraakte sinodebesluite meedoënloos wil deurdryf. Dié wat die besluite nie aanneem en uitvoer nie, maar dit verwerp en die redes daarvoor openbaar maak, word beskuldig van independentisme en skeurmakery.

In die politieke wêreld word lede van 'n politieke party van independentisme beskuldig wanneer hulle nie saam met die meerderheid van die partylede gaan nie. As sommige losies van die Broederbond nie met die standpunt van die hele beweging saamgaan nie, sou gepraat kon word van 'n skeuring in die Broederbond.

In die kerk behandel ons kerklike sake egter op kerklike wyse (art 30 KO). Die Here Jesus beskryf egte independentisme in Johannes 15:1-8:

- 1 Ek is die ware wynstok, en my Vader is die landbouer.
- 2 Elke loot wat in My nie vrug dra nie, neem Hy weg; en elke loot wat vrug dra, dié maak Hy skoon, sodat dit meer vrug kan dra.
- 3 Julle is alreeds rein deur die woord wat Ek tot julle gespreek het.
- 4 Bly in My, soos Ek in julle. Net soos die loot geen vrug kan dra van homself as dit nie in die wynstok bly nie, so julle ook nie as julle in My nie bly nie.
- 5 Ek is die wynstok, julle die lote. Wie in My bly, en Ek in hom, hy dra veel vrug; want sonder My kan julle niks doen nie.
- 6 As iemand in My nie bly nie, word hy uitgewerp soos die loot en verdroog, en hulle maak dit bymekaar en gooi dit in die vuur, en dit verbrand.
- 7 As julle in My bly en my woorde in julle, sal julle vra net wat julle wil hê, en julle sal dit verkry.
- 8 Hierin is my Vader verheerlik, dat julle veel vrug dra; en julle sal my dissipels wees.

Egte independentisme vind plaas wanneer 'n persoon of vergadering die woorde van Christus eenkant toe skuif om sy/hulle eie aksieplan in werking te stel. Daarmee sny hulle hulself van hulle Bron af; hulle stel hulleself buite die kategorie "dissipels van Jesus" en wil "independent" van die ware wynstok bestaan. Dit is rampspoedig. Wanneer iemand die geeste beproef of hulle uit God is, is dit juis om independentisme (weg van Christus af) weer om te keer tot gehoorsame ingestamde afhanklikheid aan Christus.

In die lig van bogenoemde en met die erkenning in die Kerkblad van onder andere 29 Januarie 2003 dat daar verskillende benaderings en Skrifhantering in ons kerkverband is, rus die verantwoordelikheid des te swaarder op kerke om die merktekens van die ware kerk (art 29 NGB) teenoor die merktekens van die valse kerk duidelik te toon. Die Heilige Gees beveel ons: "Geliefdes, glo nie elke gees nie, maar stel die geeste op die proef of hulle uit God is." Dit sê Hy vir elke gemeente.

In die presbiteriale kerkreg word die selfstandige taak en plek van elke gemeente erken. Alhoewel selfstandig, is die gemeentes met mekaar in Christus een, soos die Skrif leer in Handeling 9:31, Galasiërs 1:2 en Openbaring 1:12, 20 en 2:1. Die gesag en regsgeeldigheid van besluite van kerklike vergaderings (art 31 KO) is heeltemal anders as by die sinodokratiese kerkreg. By die sinodokratiese kerkreg het die sinode maar net die Pous van die Roomse kerk vervang. By die Roomse Kerk moet die saak uitgevoer word as die Pous spreek het (Papa dixit, causa finitum est); so moet by die sinodokratiese kerksiening die saak uitgevoer word as die sinode besluit het. Waar by die Roomse kerksiening 'n saak alleen verander kan word as die pous daarvan oortuig is en besluit het, so kan by die sinodokratiese kerksiening 'n saak alleen verander word wanneer die sinode oortuig is en dit besluit het. Hierdie beskouing is egter in stryd met ons kerkorde, asook met die besluite van belangrike sinodes uit die Nederlandse kerkgeskiedenis. Gesaghebbende verklaarders van die kerkorde is onder andere:

- De Savorin, Lohman, Rutgers oor die besluite van Emden 1571;
- Rutgers oor die Regsbevoegdheid van ons plaaslike kerke – 2de druk;
- Rutgers oor die geldigheid van die oue kerkordening;
- Ds Joh Jansen oor die kerkordening van die Gereformeerde Kerken in Nederland, deel 1 Van de Diensten, p 50, asook sy Korte Verklaring Kampen 1923;
- Dr H Schokking in sy "De Leertucht in de Geref Kerk van Nederland tusschen 1570 en 1620";
- Die Handeling van die Sinode van Leeuwarden op 14 September 1619 soos beskryf deur Reitsma en Van Veen, Handelingen der Provinciale en Particuliere Synoden, vi p 275, 277;
- Voetius in sy Pol. Eccl IV, 122.

Hierdie bronne toon telkens grondig aan dat die mag van kerke volgens die grondslag van die Goddelike reg omskryf is; hulle mag dit nie gebruik téén die Skrif, die fundamentele kerklike wette of die kerke en lasgewers wat hulle afgevaardigdes gestuur het nie, maar in akkoord daarmee. Wanneer dit wel anders gebeur, neem die kerke die sinodebesluite nie aan en voer dit nie uit nie, maar laat dit vaar of verwerp dit (skeur dit op). (Voetius, pol. Eccl. IV, 122). Binne hierdie raamwerk het prof Rutgers geskryf: Ons dink dat die uitdrukking (art 31 KO – "tensy") niks anders kan beteken as dit: 'n mens is gebonde (aan die besluit), tensy 'n mens kan bewys dat God se Woord die naleef van die besluit wat goedgevind is, verbied. Dit was op dieselfde grond dat die Gereformeerdes hulle verset teen die Roomse hiërargie en teenoor die Roomse konsilies volkome geregverdig geag het, sonder om vir die besluit van 'n konsilie te wag. (Vertaal met prof Rutgers se eie beklemtoning uit sy boek: Die regsbevoegdheid van ons plaaslike kerke, p 35).

Wanneer 'n kerkraad twee broeders met welomskrewe opdragte afvaardig, beteken dit nie dat hulle wyser of gesagvoller as hulle sender, die kerkraad is nie. As baie kerke afsonderlik broeders afvaardig, dan is al daardie broeders ook nie wyser of gesagvoller as hulle senders, hulle kerke nie. Al behandel die breër vergadering sake van gemeenskaplike belang, staan daardie vergadering se besluite steeds onder die goedkeuring en aanneming of verwerping van al die kerke wat afgevaardigdes daarheen gestuur het. Daarom het die kerkorde art 31 sy glashelder voorwaarde: die besluite wat by die kerklike vergadering geneem word, word as vas en bindend gehou TENSY dit in stryd is met die Woord, die belydenis, kerkorde of ander sinodebesluite. As dit in stryd is met die wil van Christus, is dit onmiddellik ongeldig en mag nie uitgevoer word nie. Wanneer 'n kerkraad 'n besluit uitvoer wat in stryd met die woorde van Christus is, sny hulle daarmee daardie kerk van Christus se liefde af, ontnem hulle die gemeente van ware dissipelskap en berooft die gemeente van Christus se vriendskapsverklaring, omdat hulle hulleself van Christus amputeer (Johannes 15).

### Wat van die beswaar van independentisme?

Hierdie beswaar het kerkregtelikes van die GKSA nog al die tyd teen die Vrymaking 1944 in Nederland geopper. Hierop moet stellig geantwoord word: alles hang af van watter kerkbegrip ons toegedaan is. Alle kerke is as selfstandige kerke tegelyk van Christus afhanklik; hulle afhanklikheid is nie aan mekaar nie, maar aan Christus. Verder is kerke gebind om die dinge waaroor hulle vir gesamentlike optrede saam besluit het vir vas en bindend te hou, met die voorwaarde dat die besluit nie van Christus losgemaak (independentisties) is nie (vgl Johannes 15). Kerke wat dus besluite van meerdere vergaderings wat met die Woord in stryd is, verwerp, tree nie independentisties op nie, maar juis gehoorsaam dependent aan Christus.

### Wat is nou die sonde van kerkskeuring?

Is dit noodwendig 'n misdaad wanneer lidmate of 'n gemeente nie inval by die meerderheidsbesluit nie en daarom die kudde verdeel? Reformatore en lidmate wat aan reformatoriese aktiwiteite in die kerkgeskiedenis deelgeneem het, is daarvan beskuldig. Maar is dit waar?

'n Kerkverskeurder is nie iemand wat die kerkregeerder se magspel van eiesinnigheid breek soos Elia met Agab nie, maar iemand wat met magspel die kerkvolk in ongehoorsaamheid van God af wegskeur, soos Agab (1 Konings 18:17-18). Judas noem hulle in verse 18 en 19 spotters wat volgens hulle eie goddelose begeerlikhede wandel (dinge wat hulle nie uit die Woord kry nie), sinnelike mense wat die Gees nie het nie en skeuring maak. Wanneer 'n kerklike vergadering, na ernstige beswaar en herhaalde waarskuwing, deur sy besluite standpunte of praktyke duld wat in stryd is met die Woord, is so 'n besluit 'n demonstrasie van eiesinnige magspel. Dáárdeur word 'n kerkegemeenskap geskeur.



# INGELIGTE TOESTEMMING: 'N CHRISTELIKE PLIG

Dr AH van den Bout, Pretoria

'n Christen het altyd 'n verantwoordelikheid teenoor sy liggaam en sy gees. Die Bybel beskryf die liggaam as die tempel van die Heilige Gees. In sy besluitneming staan 'n christen altyd in afhankelijkheid teenoor sy Maker. Die heteronomie teenoor die Here moet gestalte kry in outonomie teenoor die wêreld. Vandaar dat dit vir christene belangrik is om ingeligte toestemming vir mediese prosedures te gee.

Inligting oor bepaalde mediese toestande kan daartoe lei dat 'n bepaalde behandeling onder die omstandighede nie aangedui is nie. Onder ander omstandighede kan dit 'n mens as christen laat aandring op behandeling of 'n bepaalde soort behandeling.

'n Christenpasiënt moet besluitneming oor gewenste behandeling nooit alleen aan die dokter oorlaat nie. Gelukkig het die reg oor ingeligte toestemming in sy huidige vorm 'n wending geneem teenoor wat dit in die verlede was. Vroeër was die dokter diegene wat alleen geweet het wat reg en goed was; daar is nie eers gepraat oor die pasiënt se wil nie. Mediese paternalisme is egter iets van die verlede; dit behoort so te wees. Die pasiënt se outonomie oor sy eie liggaam en gees het geleidelik gestalte gekry in die leerstuk van ingeligte toestemming. In die mees resente hofsake word hierdie saak oor en oor bevestig. 'n Aantal beginsels by hierdie leerstuk is vir ons as gelowiges nodig om te weet en te onthou.

## Beginsels van ingeligte toestemming

Die leerstuk van ingeligte toestemming sentreer rondom die basiese beginsels van pasiënt outonomie. By mediese behandeling behoort daar altyd die regte balans tussen die dokter se mediese opinie en behandeling, met al sy moontlike komplikasies, en die pasiënt se toestemming te bestaan. 'n Mediese ingreep is slegs wettig wanneer die dokter en die pasiënt saam daarvoor besluit het, voordat die pasiënt sy toestemming gee (consensus ad idem).

## Pasiënt-dokter verhouding

Die verhouding tussen die dokter en die pasiënt is kontraktueel. Die kontrak veronderstel effektiewe toestemming van die pasiënt as fundamenteel tot 'n wettige mediese ingreep. Hierdie kontrakte sal altyd baie beperk geïnterpreteer word in die guns van die persoon wie se regte weggeneem word.

## Die pasiënt se konstitusionele regte

Basiese menseregte is in hoofstuk 2 van ons nuwe Grondwet vervat. Die reg op menslike waardigheid in artikel 10, die reg op lewe in artikel 11, die reg op privaatheid in artikel 14, maar veral die reg op vryheid en veiligheid van die persoon in artikel 12 is ter sprake. Die tweede gedeelte van artikel 12, naamlik 12(2) is hierby van groot belang: elkeen het die reg op liggaamlike en psigiese integriteit, wat die reg tot sekuriteit en beheer oor die liggaam insluit; niemand mag aan mediese of wetenskaplike eksperimente onderwerp word sonder hulle ingeligte toestemming nie.

Volgens artikel 36 is beperkings op menseregte moontlik. Die artikels 9, 10, 11 en 12(c) beskryf egter regte waar, volgens ons Grondwet artikel 37(5), geen afstand van gedoen kan word nie (non derogable rights). Geen daad van die parlement, noodtoestand of wetgewing mag enige afbreuk aan hierdie regte wettig of toelaat nie.

## Afwesigheid van ingeligte toestemming

Die afwesigheid van 'n pasiënt se effektiewe toestemming het wetlike konsekwensies. Die dokter mag verantwoordelik gehou word vir kontrakbreuk, sivilregtelike of strafregtelike aanranding, sivilregtelike of strafregtelike injuria of nalatigheid.

Regverdigingsgronde vir 'n mediese ingreep sonder dat ingeligte toestemming verkry is, kan na vore gebring word, byvoorbeeld by 'n noodtoestand, wanneer iemand optree om 'n pasiënt se belang te beskerm of wanneer daar deur die reg of deur die howe toestemming gegee is om dit te doen.

In die volgende gevalle is die dokter nie verplig om inligting te verskaf sodat toestemming vir 'n mediese ingreep verkry kan word: as die pasiënt reeds oor die vereiste inligting beskik; wanneer die pasiënt uitdruklik of per implikasie van sy reg tot inligting afsien; by die verweer van terapeutiese noodsaaklikheid, of wanneer die verskaf van inligting fisies onmoontlik is, soos by ongevalle-pasiënte wat in 'n koma verkeer.

## Pasiënt outonomie

Die pasiënt se outonomie is die beginsel wat die kern vorm van die reg op selfdeterminasie en vryheid van keuse. Om 'n keuse en 'n besluit oor sy behandeling te kan neem, moet die pasiënt voldoende en toepaslik ingelig wees. Die pasiënt moet in breë terme 'n algemene idee hê waarvoor hy toestemming gee. Hy behoort as mediese leek in staat te wees om die voor- en nadele van die voorgestelde ingreep af te weeg. Sodoende kan hy 'n rasonele besluit neem. Vanweë die verskil in kundigheid het die dokter die plig om hierdie inligting aan sy pasiënt te gee. Wát voldoende inligting is, sal afhang van al die feite van die daadwerklike en konkrete omstandighede.

## Voorwaardes met betrekking tot inligting

Die dokter het 'n plig om meer uitgebreide inligting te verskaf wanneer die pasiënt vrae vra of waar 'n pasiënt 'n bepaalde mediese ingreep weier. In die laaste geval het die dokter die plig om die noodsaak van die behandeling by die pasiënt tuis te bring sowel as die gevolge wanneer

die voorgestelde behandeling nie sou plaasvind nie. Te veel inligting kan daartoe lei dat die pasiënt ontmoedig word om die voorgestelde behandeling te ondergaan. Die dokter kan ook hiervoor aanspreeklik gehou word soos in die geval wanneer daar onvoldoende of geen inligting verskaf is. Toestemming behoort vry en vrywillig te wees sowel as duidelik en ondubbelsinnig. Die pasiënt behoort oor alle tersaaklike risiko's ingelig te word.

Die dokter wat die mediese ingreep uitvoer sal altyd verantwoordelik wees. In die meeste gevalle kan hierdie verantwoordelikheid nie oorgedra word aan hospitaalstaf of ander kollegas soos 'n narkotiseur nie.

In die meeste gevalle word die pasiënt self ingelig. Sou die pasiënt nie in staat wees om die inligting te verstaan om 'n rasonale besluit te kan neem nie, moet sy wetlike verteenwoordiger ingelig word. Inligting omtrent die diagnose is nie altyd noodsaaklik nie, maar dit is verpligtend indien dit die pasiënt se besluitneming kan beïnvloed, of wanneer dit 'n uitdruklike of geïmpliseerde voorwaarde van die kontrak is en waar dit essensieel is vir die behandeling.

### Bewyslas voor die hof

Indien ingeligte toestemming 'n strydpunt word, rus die bewyslas dat ingeligte toestemming nie plaasgevind het nie op die pasiënt of by die staat. In antwoord op die pasiënt se beweringe dat die dokter nie voldoende inligting gegee het nie, behoort die dokter in staat te wees om te bewys dat hy inderdaad die voorgestelde behandeling en al sy moontlike komplikasies verduidelik het. Die finale besluit of voldoende inligting gegee is, berus egter by die hof. Die getuienis van 'n spesialis is gewoonlik relevant. In die praktyk is dit die beste dat 'n ordentlik opgestelde skriftelike toestemmingsvorm waarin al die belangrike sake uiteengesit word, in die dokter se kamers geteken word nadat dit behoorlik bespreek is.

Aan die pasiënt behoort verder verduidelik te word dat hy 'n afsonderlike ooreenkoms met die hospitaal aangaan wanneer hy daar opgeneem word. Alhoewel hierdie ooreenkoms met die hospitaal nie direk die ingeligte toestemming oor die mediese ingreep raak nie, mag dit tog vir die dokter belangrik wees om dit duidelik uiteen te sit.

### Terapeutiese voorreg van die dokter

Die sogenaamde terapeutiese voorreg, waarby bedoel word dat die dokter die beste weet wat goed is, is 'n term van die verlede. Regsopinie doen aan die hand dat daar nie meer so iets soos mediese paternalisme kan bestaan nie; dit is in konflik met basiese menseregte en dat dit in die hof nie water sal hou nie. Terapeutiese noodsaaklikheid as 'n regverdigingsgrond vir bykomstige mediese ingrepe waarvoor geen inligting en waarvoor ook geen toestemming gegee is nie, sal waarskynlik selde as regverdigingsgrond beskou word. Slegs dit waartoe die pasiënt toestemming gegee het kan gedoen word. Indien die pasiënt se mediese belange in 'n groot mate geraak sou word as die noodsaaklike ingreep nie uitgevoer word nie, sou terapeutiese noodsaaklikheid 'n moontlike regverdigingsgrond kan wees. In só 'n geval sou dit nie reg wees om die pasiënt eers wakker te maak, hom sy toestemming te vra om so 'n ingreep uit te voer en hom daarna weer te onderwerp aan 'n afsonderlike mediese ingreep nie.

### Samevatting

Ingeligte toestemming vir mediese prosedures het gekom om te bly. Hierdie regmatige besluitname van die christen-pasiënt is sy verantwoordelikheid teenoor die Here. Hoewel 'n christen-pasiënt volgens die land se reg outonomie het oor sy eie liggaam en gees - dit kan selfs in 'n hof afdwing word - bly 'n christen-pasiënt altyd heteronoom in sy besluitneming teenoor die Here. Die christen-pasiënt se finale oorweging moet wees: Here wat wil U hê dat ek moet doen?

In ons toenemende normlose samelewing word dit meer en meer belangrik om as pasiënt 'n medegelowige dokter op te soek. Dit word steeds belangriker om alle besluite rondom gesondheid en siekte, ontstaan van menslike lewe en die dood daarvan, behandeling of geen behandeling te normeer aan Gods Woord. Dit verg kennis van Gods Woord en studie van die beginsels wat Hy ons daarin gee. Geen onverantwoorde aanvaarding van wat almal maar doen nie, maar verantwoordelike besluitneming op grond van toepaslike inligting binne die raamwerk van ons Godgegewe rentmeesterskap.

## GEREFORMEERDE INLIGTING EN STUDIESENTRUM PRETORIA (GISP)

Dr AH van den Bout, voorsitter van die Stigting Gereformeerde Literatuur en van die Vereniging vir Gereformeerde Lewenswandel berig soos volg oor die Gereformeerde Inligting en Studiesentrum Pretoria.

Met groot vreugde kan ons as Stigting vir Gereformeerde Literatuur bekend maak dat die Inligting en Studiesentrum by die kerkgebou van die Gereformeerde Kerk Die Kandelaaar nou begin vorm aanneem.

Na die aanvanklike oornam van die Hammanskraalse biblioteek het dit geruime tyd geduur voordat al die

boekrakke gefinansier en gebou is. Op Saterdag 24 Mei 2003 is die reusetaak onderneem om al die boeke uit die 200 bokse uit te pak, te rangskik en volgens die aanwesige nommering sistematies op die rakke te plaas. Hierdie taak is met die samewerking en entoesiasme van die kerkjeug aangedurf. Omtrent 1 000 opvoedkundige en letterkundige boeke is aan die Gereformeerde Skool Dirk Postma geskenk wat dit vir hulle beplande gereformeerde onderwysersopleiding kan gebruik. Meer as 200 meter boekrakke is toe volgepak. Dit alles in een dag!

Die konsistorie, wat goedgunstig deur die kerkraad van

Die Kandelaar vir hierdie doel afgestaan is, is van hoek tot kant met al die kosbare teologiese, taalkundige en filosofiese boeke gevul. Dit is 'n indrukwekkende gesig. Vra maar vir prof Floor wat een van die eerstes was om dit te kon aanskou!

'n Kosbare en unieke boekversameling het sodoende vir die Gereformeerde Kerke bewaar gebly. Daar sal nou met nut van hierdie skat van inligting gebruik gemaak kan word. Alle predikante en ander belangstellendes in en rondom Pretoria wat van hierdie geleentheid wil gebruik maak om hulle kennis te verdiep, is baie welkom om dit te doen.

Die boeke kan op hierdie stadium nog nie uitgeleen word nie. Al die boeke sal nou eers op 'n rekenaarprogram (soortgelyk aan die een in Potchefstroom) geplaas moet word, sodat goeie kontrole moontlik is. Die boeke kan egter in die biblioteek self nageslaan word. In beginsel is die biblioteek op weksdae van 08:00 tot 13:00 oop.

Daar het reeds boekskenkings ingekom van oorlede dr Johan Meijer wat altyd 'n groot yweraar daarvoor was dat hierdie biblioteek vir ons eie kerkvolk behoue moes bly, en van ds Louw (emeritus predikant). Skenkings van teologiese werke in enige taal sal besonder waardeer word, sodat hierdie biblioteek kan uitbrei en bybly.

Omdat die sentrum nie net toegang tot boeke bied nie, maar ook met rekenaartegnologie en die internet werk, het die Stigting besluit om dit die Gereformeerde Inligting en Studiesentrum Pretoria te noem. Afskort is dit GISP, wat in Afrikaans ook die betekenis kan hê van sensuur, 'n onulike woordspeling wat deur ons geliefde oorlede broeder Johan Meijer uitgedink is!

CD's met Bybelvertalings, ensiklopedieë, werke van Calvyn en Augustinus en ook programme opgestel deur dr Attie Bogaards gaan, bo en behalwe al die biblioteke van die internetstad, beskikbaar wees.

Die huidige saldo van GISP bedra R1 405,00. Daar is egter nog 'n uitstaande rentevrye lening wat afgelos moet word. Baie dankie vir al die broeders en susters wat al bydraes gemaak het. Daar word 'n beroep op al die goedgesindes gedoen om die fondsinsameling vir die biblioteek te ondersteun.

Die bankbesonderhede vir die Stigting Gereformeerde Literatuur is:

ABSA, taknommer 334 645, rekeningnommer 907 390 2771.

Die Gereformeerde Inligting en Studiesentrum Pretoria beweeg voorwaar 'n groot stap vorentoe. Ons dank die Here dat Hy dit moontlik maak.

## LESERSREAKSIE

# ONDERWYS IN DIE BRANDPUNT

Br Dawid Breed skryf:

Hiermee 'n paar verdere aspekte wat ook uitgewys kan word rondom die verklaring van Dr Gerrie Lubbe (Waarheid en Dwaling, Mei 2003):

- o Nêrens in sy betoog neem hy die Woord van God as uitgangspunt nie; medemenslikheid, die belang van ons land en al sy mense blyk die maatstaf te wees.
- o In die strewe na "medemenslikheid" skaar hy hom eerder by vyande van die christendom as by die huisgenote van die geloof.
- o Dit is skynbaar geen probleem nie want nêrens is daar vyande van die christendom in hierdie land te vinde nie. Dié vyandskap wat daar wel mag wees sal met die nuwe strategie tot "insig, respek en sosiale vaardighede in 'n wêreld van godsdiensdiversiteit" gelei word.
- o Hoe word die meetsnoer aangelê om "etiese en burgerlike kwessies, met verwysing na 'n verskeidenheid van geloofsoortuigings" op te los? Deur net te soek na oppervlakkige raakvlakke wat "inherent aan alle godsdiensdienste is". Sulke raakvlakke is dan "medemenslikheid", "vrede", "godsdiensdigtheid" en so meer. Aangesien hierdie sake eienskappe is wat die mens in homself wil skep, is die gevolge maar al te maklik om uit te wys. Maar nou ja, "sinkretisme" is net weer 'n ander etiket.
- o Hoe is dit moontlik dat Dr Lubbe kan dink dat "Moor, Jood en Islamiet" respek tussen leerlinge en spesifiek teenoor christene sal bevorder!? Het hy nie in sy 33-jarige bediening geleer dat lig en duisternis mekaar nie ontmoet nie; dat ons nie "die dieptes van Satan" moet leer ken nie? As ek moet weet wat en wie die Moslem, Hindoe, Boeddha en dies meer is, dan gaan soek ek dit in geskryfte wat deur christenbroers voorberei is.
- o In aansluiting by bogenoemde: Paulus was 'n Israeliet, uit die nageslag van Abraham, van die stam Benjamin, en daar is vir hom gesê: "Saul, Saul, waarom vervolg jy my?" Daar is ook van hom gesê: "Here, ek het gehoor hoeveel kwaad hy u heiliges in Jerusalem aangedoen het". "En toe Hy die vyfde seël oopgemaak het, sien ek onder die altaar die siele van die wat gedood is ter wille van die woord van God en die getuienis wat hulle gehad het." (Openbaring 6:9). Gaan ons egter vandag met hierdie onderliggende kennis van mekaar se pad na die ewigheid, die skemer tussen lig en duisternis bewerkstellig? Waarlik, dit klink amper of "vrede op aarde" uiteindelik gaan deursuur vanuit die aarde tot in die hemel!
- o Die gevolge van Manasse se insig en inbring van ander godsdiensdienste was so radikaal dat die volk in ballingskap moes gaan ten spyte daarvan dat hyself later erken het 'dat die HERE God is' (2 Kronieke 33:13). Die latere hervormings wat Josia deurgevoer het kon nie die godsdiensvermenging ongedaan maak nie.

## 'n Hond blaf

In Vox Viva (Junie 2003, Nommer 7), Rigtingwyser vir die gereformeerde geloofslewe skryf ds E Viljoen oor die vraag: Waar is die herders in die kerk?

In 1545 skryf Calvyn teen die dwaling van die Libertyne 'n geskrif (*Contre la secte phantastique et furieuse des Libertins. Qui se nomment spiritueltz*). In die voorwoord gee Calvyn 'n aanduiding waarom dit vir hom nodig was om te skryf. Hy verduidelik wat die taak van 'n herder in die kerk van Christus is. Die herders moet die kudde van Jesus Christus nie net voedsel gee nie, maar moet ook waak teen wolwe en diewe. Calvyn voel hom dan ook geroepe om die dwaling van die Libertyne teë te spreek.

In die vervolg van die geskrif self, gaan Calvyn in op die verwantskap van die Libertynse dwaling met die ketters soos Marcion en Valentinus uit die vroeë kerk. Hy bespreek hulle oorsprong en veral hul misbruik van die Skrif. In elf hoofstukke bespreek hy hul panteïstiese mistiek. Veel meer kom ter sprake. Marguerite, koningin van Navarre, kry die geskrif in die hande, gee later skriftelik aan Calvyn te kenne dat sy meen dat die boek teen haar en haar dienaars gerig is. Calvyn antwoord haar op 28 April 1545. Hy trek niks terug van wat hy geskryf het nie, aangesien hy dink dat haar diensknegte Thieffry en Pocque tereg berisping nodig gehad het.

Calvyn verduidelik aan die koningin waarom hy genoodsaak was om te reageer. Aangesien hy deur die Here tot die amp van predikant geroep is, dwing sy gewete hom om so veel as moontlik weerstand teen die dwaling te bied. "n Hond blaf en waak as hy sien dat sy meester aangeval word. Ek sou lafhartig wees as ek stil bly en geen geluid maak, terwyl ek sien dat die waarheid van God aangeval word nie. Ek is oortuig dat u nie dink dat ek moet swyg om u te behaag, terwyl ek die Evangelie verloën wat God aan my toevertrou het nie'.

Hoe nodig het herders vandag nie om bemoedig te word in hul geweldige groot en dringende taak om die dwaling, wat ongelukkig op talle plekke reeds vrye gang gekry het, teë te staan nie! Wat Calvyn skryf, lyk vir my na 'n tydige en aktuele aanmoediging tot almal om te sien dat dit in die kerk nie gaan oor 'n vrede wat heers omrede Christus se ware diensknegte die swye opgelê word nie. Dit gaan oor die ware vrede wat heers omdat Christus deur Sy Woord regeer en die dwaling uitwys en verwyder deur sy diensknegte daartoe geroep.

Wat hier volg is 'n vry vertaling van die grootste deel van Calvyn se voorwoord by sy traktaat teen die Libertyne (Calvyn aan Marguerite d'Angoulême, vgl. *Select Works of John Calvin Vol. 4 Letters 1528–1545*, p. 440–443): 'Die Satan het die afgelope twintig jaar verskillende dwalings en verkeerde menings laat posvat. Sy doel was om die leer van die evangelie wat hy sien opkom het, uit te blus of te verstik of ten minste in 'n ongunstige lig te stel en in die wêreld gehaat te maak. Baie mense wat tevore getrou onderwys gekry het in die suiwer leer van die Skrif, is skielik oorreed. Die ander, wat hulle voorgeneem het om weerstand te bied en met 'n ferm standvastigheid die ergernisse te weerstaan, is des te meer versterk in God en in Sy Woord.

Ons Here, soos ek reeds gesê het, laat toe en beskik dat dit gebeur. Dit is sowel tot beproewing van die wat aan Hom behoort, as om die onegtheid of ydelheid van die wat wel beweert dat hulle gelowiges is, openbaar te laat word. Dit

gebeur totdat die geleentheid kom om hulle werklike ongeloof na vore te laat kom. Dit is so dat daar sommiges is wat oorweldig is deur pure onkunde en naiwiteit. Tegelyk is daar ook geen twyfel oor dat ons Here dié met wie dit só gaan, laat struikel, om hulle in die toekoms te verootmoedig. Die Here wil hulle laat groei sodat hulle nog vaster en stewiger in sy Woord gefundeer sal wees. Hy wil hulle ook bekering gee van hulle slordigheid en eiewysheid in die verlede.

Niemand kan homself verontskuldig wanneer hy van die regte weg afgedwaal het om geheg te raak aan die leuen en valsheid nie. Asof dit nie sy eie fout sou wees nie! ... Hoe dan ook al, wanneer 'n kwaadwillige en verderflike sekte begin vorm aanneem, en veral as dit begin toeneem, is dit die plig van hulle wat die Here aangestel het om sy kerk te bou, om na vore te kom. Hulle moet die dwaling teëstaan vóórdit dit gereed is om nog meer tot niet te laat gaan en te laat verval.

Voorwaar, aangesien hulle herders van die kerk is, moet hulle nie slegs aan die kudde van Jesus Christus goeie voedsel voorsit en bedien nie. Hulle moet ook dringend waarsku teen die wolwe en diewe, hulle stem teen hulle verhef en hulle van die kudde wegjaag as hulle naby dié wil kom.

Laat ons dit maar eerlik stel: die dwaalleraars is nie net soos diewe en wolwe nie, maar baie erger. Met hulle bederf van die Woord van God, is hulle soos gifmengers wat arme siele vermoor onder die pretensie dat hulle hulle wei en vir hulle goeie kos voorsit. Die satan hou nie op om alle middele in te span om die heilige eenheid wat ons in ons Here Jesus Christus deur sy Woord het, te verbreek. Terwyl dit só is, is dit des te meer nodig dat dieselfde Woord in die praktyk toegepas word as 'n swaard en skild om derglyke praktyke teë te staan.

Dit het die Here behaag om uit sy oneindige goedheid, sonder om ag te gee op wie ek was, my te voeg by hulle aan wie Hy die opdrag gegee het om sy Waarheid aan die wêreld bekend te maak en óók om dit te handhaaf teenoor alle teëstanders. Daarom moet ek my met hierdie opdrag besig hou volgens die krag wat Hy my gee. Dit doen ek aangesien talle goeie gelowiges, wat gewaarsku is of deels met eie oë die verskriklike verwoesting sien wat hierdie teëstanders aanrig, nie opgehou het om my daartoe aan te moedig nie totdat ek beloof het om dit ter hand te neem'.

Calvyn is bekend vir sy sterk en skerp uitlatings. Talle uitsprake in die Institusie dui daarop dat hy die Woord van God onbeskroomd laat hoor. In sy preke en kommentare het hy nie gehuiwer om sake by die naam te noem nie. In Gereformeerde geleedere word Calvyn nog altyd met groot waardering gelees. Dit is in ons dae egter opvallend dat, wanneer sake by die naam genoem moet word, daar dikwels 'n goue middeweg gesoek word. Ons ondervind dit by sinodes wat geen helder, reglynige uitsprake lewer nie, maar sake aan die oordeel van die plaaslike kerk oorlaat. Maar ons ondervind dit ook by kerkrade wat op hulle beurt geen uitspraak gee nie, en elke lidmaat self laat besluit wat hulle dink die beste is (die gebruik van die kelkie aan die nagmaalstafel is 'n tipiese voorbeeld). Dit word tyd dat Calvyn se deurtastende optrede, wat eie is aan die Gereformeerde Kerke deur alle eeue, die normale patroon van doen in ons kerkverband word. Grys areas met allerlei vaaghede en middelmatige sake waarbinne elkeen doen wat goed is in sy eie oë, skep alleen maar onrus en tweedrag.